BOHLWEKI ENVIRONMENTAL (PTY) LTD

271 Monte Carlo Crescent
Kyalami Park
KYALAMI, 1684
Telephone +27 (11) 466-3841
Fax +27 (11) 466 3849
E-mail: info@bohlweki.co.za
Web Site: www.bohlweki.co.za

PO Box 11784
Vorna Valley
MIDRAND
1686
Gauteng
SOUTH AFRICA

Geaagte 11 Desember 2006

**OMGEWINGSIMPAKSTUDIE: DIE VOORGESTELDE OPRIGTING VAN 'N 765kV UITBREIDING VAN DIE HYDRASUBSTASIE EN DIE VOORGESTELDE OPRIGTING VAN 'N ADDISIONELE 765kV TRANSMISSIE KRAGLYN TUSSEN DIE VOORGESTELDE UITGEBREIDE HYDRASUBSTASIE (naby De Aar) EN GAMMASUBSTASIE (naby Victoria-Wes), NOORD-KAAPPROVINSIE**

- **Beskikbaarheid van die konsep Omgewingsbestekopname Verslag vir openbare kommentaar**

Ons vertrou dat u die projek Agtergrondinligtingsdokument ontvang het met die gepaardgaande brief waarin u, as belanghebbende en/of moontlike geaffekteerde party (B&GP), uitgenooi is om aktief deel te wees van die Omgewingsimpakevaluering (OIE) en openbare deelname proses vir die bogenoemde projek.

Bohlweki Environmental maak graag van die geleentheid gebruik om u in te lig dat, in ooreenstemming met die Omgewingsimpakevaluering Regulasies, die konsep Omgewingsbestekopnameverslag (OBV) beskikbaar sal wees vir openbare kommentaar en insae vanaf **8 Desember 2006** tot **15 Januarie 2007**. Die verslag sal elektronies beskikbaar wees op Eskom se webwerf (www.eskom.co.za/eia). 'n Gedrukte kopie van die konsep OBV kan ook by die enige van die volgende openbare plekke besigtig word:

- Kantore van Bohlweki Environmental, Kyalami, Gauteng Provinsie
- Kantore van Bohlweki Environmental (Kyalami Office Park, Kyalami)
- Pixley Ka Seme Distrik Munisipale Kantore, Culvert Weg, De Aar
- Emthantjeni Plaaslike Munisipale Kantore, Voortrekkerstraat 45, De Aar
- De Aar Openbare Biblioteek, Stasiestraat 42, De Aar
- Libra Biblioteek, Blossomstraat, De Aar
- Phandulwazi Biblioteek, 3de Straat, Nonzwakazi
- BKB Beperk, Jennystraat 42, De Aar
- Ubuntu Plaaslike Munisipale Kantore, Kerkstraat 78, Victoria-Wes
- Victoria-Wes Openbare Biblioteek, Kerkstraat, Victoria-Wes
- Plaaslike Munisipale Kantore, Loopstraat, Richmond

Ons wil u ook graag bedank vir u betrokkenheid by die openbare deelname en OIE proses vir dié voorgestelde projek. U waardevolle kommentaar en kwellinge gelewer tot op datum word opreg waardeer. Indien u meen dat die kommentaar/kommentare wat u geopper het, nie korrek weergegee is nie of nie in die Kwessieverslag vasgelê is nie, versoek ons u vriendelik om ons asseblief skriftelik daarvan in kennis te stel. Die korreksie(s) sal vasgelê word in die finale Omgewingsimpakverslag (OIV) wat aan die Omgewingsowerhede voorgelê sal word vir besluitneming.

U word ook vriendelik versoek om asseblief u **geskrewe kommentaar** op die konsep OBV teen nie later nie as **Maandag, 15 Januarie 2007** aan die ondergenoemde Openbare Deelname Konsultante te stuur:

**Nicolene Venter** of **Prashika Reddy** van **Bohlweki Environmental**
Posbus 11784, Vorna Valley, MIDRAND, 1686
Tel: (011) 466-3841
Faks: (011) 466-3849
E-pos: hydra-gamma2@bohlweki.co.za

Moet asseblief nie huiwer om ons te kontak indien u enige addisionele inligting sou verlang nie.

Vriendelike Groete

Nicolene Venter
Openbare Deelname Konsultant